J. VAN MELLE, *Die simboliek van die paradysverhaal,* geen uitgewer of jaartal aangedui nie, 30 pp., 1/-.

Die skrywer is van mening, dat hy „die geleerde kritici, wat Babiloniese en ander heidense invloede veronderstel" maar kan laat praat.

Sy resultate is dienooreenkomstig. Hy hernu die ou kettery van die „Preadamiete", die mense wat daar voor, tydens en na Adam op die aarde sou gewees het, maar geen afstammelinge van Adam was nie. Die teorie is oud; onder sy bekendste voorstanders noem ons JULIANUS DIE AFVALLIGE en I. DE LA PEYRÈRE (1555), 'n afvallige Hugenoot.

VAN MELLE gebruik vir hierdie ou dwaling argumente soos bv. dat daar in Gen. 1:26 staan „Laat ons mense maak", terwyl die skepping van Adam tog maar net een mens betref. Die meervoud „mense" staan egter net in die Afrikaanse vertaling; die Hebreeus het 'n collectivum, wat sowel enkel- en meervoud kan aandui. Dat aan 2:5 „en daar was geen mens om die grond te bewerk nie" 'n argument teen die pre-adamiete-teorie ontleen kan word, het hy blykbaar nog nooit gehoor nie; en hoe kom hy klaar met die naam Eva, wat in 3:20 verklaar word as „moeder van al wat lewe"? In ieder geval is sy teorie in stryd met Hand. 17:26, waar uitdruklik gesê word dat God „uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak" het. Of reken VAN MELLE dat dit net slaan op die nasies in die eerste eeu na Chr., en los hy sy moeilikheid op, deur aan te neem dat al die nakomelinge van die pre-adamiete in die sondvloed omgekom het? Daar is op p. 6 aanwysings dat hy in dié rigting dink; maar as hy aanneem dat Kain sy vrou uit die pre-adamiete geneem het, dan is daar geen rede om aan te neem dat Set nie dieselfde gedoen sou het nie — as ons naamlik die susterhuwelik nie wil aanvaar nie. Die konsekwensie is dan egter, dat ook Noag uit wat VAN MELLE 'n „gemengde huwelik" noem, afkomstig sou wees.

Dit alles klink soos 'n onskuldige dwaasheid. Maar in die verlede is die teorie van die pre-adamiete herhaaldelik gebruik om rasse-vooroordele aan te kweek; dit het 'n rol gespeel in die verdediging van die slawerny in Amerika. Daarom verontrus ons dit, dat in hierdie land die kettery weer opduik.

Natuurlik staan daar in die boekie ook wel beter dinge. Maar dié kan mens ook elders vind, bv. by 'n „geleerde kriticus" soos TH. C. VRIEZEN. As die skrywer egter bang is vir „geleerdheid" kan hy beter swyg oor Philo — origens geen „biskop uit die eerste eeue (sic!) na Christus nie", maar 'n Joodse wysgeer. En wat het die „gelowige Christene" van p. 1 te doen met die teorie (p.22) dat Eva „'n blywende materialisasie" van 'n uitstraling uit Adam sou gewees het?

A. VAN SELMS.